RAADSBELEID

ONDERWERP : BOME OP MUNISIPALE EIENDOM

VERWYSING : 17.6.R

BESLUIT NR : 22.12/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die aanplant en instandhouding van bome op munisipale eiendom te orden.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Bome speel 'n baie groot rol om die munisipale area esteties beter te laat vertoon en ook om 'n koeler atmosfeer te skep tydens die warm somermaande en stel die Raad die volgende beleid daar om die vergroening van munisipale eiendom te bevorder.

RIGLYNE

1. Straatbome in woongebiede/Nywerheidsgebied

1.1 Inwoners moet aangemoedig word om self bome op sypaadjies aan te plant en te benat, op so 'n wyse dat beweging op sypaadjies nie met obstruksies belemmer mag word nie.

1.2 Die koste vir die verwydering van alle bome wat deur die publiek **sonder** die goedkeuring van die Munisipaliteit aangeplant is en wat later 'n sigversperring veroorsaak of aangeplant is op dienste soos krag en water en wat verwyder moet word, sal van die party wat die bome aangeplant het, verhaal word.

1.3 Die koste vir die verwydering van alle bome wat deur die publiek **met** die goedkeuring van die Munisipaliteit aangeplant is en wat later 'n sigversperring veroorsaak of aangeplant is op dienste soos krag en water en wat verwyder moet word, sal van die party wat die bome aangeplant het, verhaal word.

2. Straatbome aangeplant en onderhou deur die Munisipaliteit

2.1 Alle hoofweë, wat die hoofpaaie in die industriële gebiede en die middedorp insluit, word beskou as areas waar bome deur die Munisipaliteit aangeplant mag word.

2.2 Alle nuwe boomaanplantings se gate moet goed voorberei en met bespoeiing voorsien word, voordat met aanplantings begin word.

2.3 Alle aanplantings moet volgens 'n goedgekeurde program en begroting geskied.

2.4 Straatbome word normaalweg gedurende die maande Maart - April en Augustus - September geplant.

2.5 Straatbome moet so geplant word dat:

1. dit minstens 2 meter van enige padkant, muur, heining of enige konstruksie is;
2. die uitsig van padgebruikers nie belemmer word nie;
3. die vrylike beweging van voetgangers nie belemmer word nie;
4. dit nie 'n oorlas vir enige persoon skep nie;
5. dit nie 'n gevaar van beskadiging of belemmering van munisipale of ander dienste skep nie;
6. geen straatboom mag op 'n sypaadjie smaller as twee en 'n half meter geplant word nie.

3. Straatbome moet aan die volgende vereistes moet voldoen:

3.1 dit moet nie te groot groei nie;
3.2 dit moet nie te wyd sprei nie;
3.3 dit moet droogte-, siekte en hittebestand wees;
3.4 takke moet nie maklik afskeur of breek nie;
3.5 dit moet nie oormatig mors nie (blare, blomme, vrugte, sap);
3.6 dit moet nie sterk bogrondse wortels ontwikkel nie;
3.7 dit moet in verhouding tot die breedte van die sypaadjie waarop dit geplant is, wees.

4. Die volgende spesies is nie geskik is om as straatbome aangeplant te word nie:
Alle Pinus spesies, Grevillia Robusta, Alle Ficus spesies, Casuarina Euisetifolia en Casuarina Cunninghamiana, Cedrus Deordara, Alle Eucalyptus spesies, Jacaranda Mimoseafolia, Melia Azedarach, Prosopis, Robina Pseudocacia.

5. Verwydering van bome

5.1 Bome word, waar moontlik, deur personeel van die Parke afdeling verwyder, slegs wanneer dit noodsaaklik is en magtiging deur die Hoof Parke verleen is en wanneer dit op munisipale eiendom is.

5.2 Behoorlike voorsorg moet getref word om voetgangers, motoriste en aanliggende eiendom te beskerm wanneer bome verwyder word.

5.3 Alle blare, takke en boomstompe moet so gou moontlik nadat 'n boom afgesaag of uitgehaal is, verwyder word en alle gate moet opgevul word.

5.4 Bome word vir die volgende redes verwyder:

Gevaarlik - Dit kan wees wanneer die boom as gevolg van, byvoorbeeld ouderdom, gevaar loop om te val of dat takke kan afskeur of dat dit 'n gevaar skep vir voetgangers en/of voertuigverkeer, omdat dit die uitsig belemmer, te naby die randsteen staan of die sypaadjie versper en die probleem nie deur snoei opgelos kan word nie.

Beskadiging deur wind of iets anders op so ʼn wyse dat dit nie weer sal herstel nie.

Oorlas - Wanneer die boom as gevolg van sy grootte, spreidende wortels, oormatige blom-, blaar- of vrugval, nabyheid aan geboue en heinings, of om ʼn ander rede ʼn ernstige oorlas vir inwoners skep en die probleem nie deur snoei opgelos kan word nie.

Bouwerk - Wanneer byvoorbeeld ʼn pad verlê moet word, of ʼn ingang tot ʼn perseel versper word en daar geen aanvaarbare alternatief bestaan as om die boom uit te haal nie.

PROSEDURE
Aansoeke om die aanplant van bome moet aan die Direkteur Tegniese Dienste gerig word.

ROLLE
Die Subdirektoraat Siviele Ingenieursdienste se Parke en Rekreasie Afdeling.

VERWANTE BELEID
Geen.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.